



eduresourceza.com



Plak asseblief die
strepieskode-etiket hier

PUNTE-
TOTAAL

INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2024

AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL: VRAESTEL II

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Tyd: 3 uur

100 punte

SLEGS VIR EKSAMENGEBRUIK: NASIENER MOET PUNTE INVUL

	V1	V2 OF 3	V4 OF 5	V6	Totaal
Punt					
Nasiener: voorletters					
Gemodereerde punt					
Moderator: voorletters					
Vraagtotal	35	35	35	30	100
Hermerk					
Voorletters					
Kode					

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

- Hierdie vraestel bestaan uit 24 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
- In hierdie vraestel is daar **DRIE** afdelings:
 - Afdeling A: Drama
 - Afdeling B: Prosa
 - Afdeling C: Filmstudie
- In Afdeling A is daar **EEN** dramavraag (Vraag 1) wat jy moet beantwoord.
- In Afdeling B is daar vier prosavrae (Vraag 2, 3, 4 en 5) waarvan jy slegs **EEN** moet beantwoord oor die teks wat jy behandel het.
- In Afdeling C is daar **EEN** filmstudievraag (Vraag 6) wat jy moet beantwoord.

6. Alle vrae moet op die lyntjies, wat in die vraestel voorsien is, beantwoord word. Let wel: Geen vrae word dus in 'n antwoordboek beantwoord nie.
 7. Lees die instruksies by elke vraag noukeurig deur sodat jy presies weet wat van jou verwag word.
 8. Let op die puntetoekenning van die verskillende vrae en beplan jou tyd daarvolgens.
 9. Skrif moet netjies en leesbaar wees en taalversorging is belangrik.
 10. Drie blanko bladsye (bladsy 22 tot 24) word aan die einde van die vraestel ingesluit. Indien jy te min spasie vir 'n vraag het, gebruik hierdie bladsye. Dui die nommer van jou antwoord duidelik aan indien jy hierdie ekstra spasie gebruik. Dui asseblief ook by die spesifieke vraag aan indien jou antwoord op die blanko bladsye voltooi word.
-

AFDELING A DRAMA**Belangrike instruksies vir die dramavraag:**

- Hierdie vraag is verpligtend.
- Jou respons moet in die vorm van 'n literêre opstel wees.
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Die vraag is beredenerend wat beteken dat jy meer as een kant en/of net een kant van die saak kan dryf.
- In jou inleiding moet jy jou invalshoek/standpunt duidelik aandui. Jy kan ook jou hoofpunte ter bespreking kortliks aandui.
- Ondersteun stellings wat in jou opstel gemaak word deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die teks.
- Jou gevolgtrekking moet terugverwys na jou invalshoek/standpunt en 'n duidelike slotsom gee.
- Bring die woordtal (ongeveer **600 woorde**) onder jou opstel aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou opstel gebruik word.

VRAAG 1 DIE DAG IS BROS (Wessel Pretorius)**Verpligte vraag****STELLING:**

Postmodernisme bevraagteken konvensionele waardes en daar is dikwels teenstellende vertellers wat die verhaal uit verskillende perspektiewe vertel. **Karakters, ruimtes en gebeurtenisse** uit die werklikheid word dikwels met **fiksie vermeng**. Elemente waarteen die postmodernistiese denkwysie hom beywer, is **sosiaal-maatskaplike probleme en bevoorregting**.

[Bron: <<https://www.litterm.co.za/index.php/p/1590-postmodernisme-2>>]

OPDRAG:

Beredeneer in 'n literêre opstel dat die drama *Die dag is bros* Brian se **sosiaal-maatskaplike probleme** en Tertius se **bevoorregting** in die terugflitse aanspreek. Verwys in jou slot na **Tertius as spookkarakter (versinsel) se suksesvolle rol** in dié postmodernistiese drama.

[35]

eduresourceza.com

This image shows a blank sheet of white paper with horizontal ruling lines. The lines are evenly spaced and run across the width of the page. A diagonal watermark, which reads "eduresourceza.com", is visible across the center of the page. The watermark is light gray and semi-transparent. There are no margins or other markings on the paper.

AFDELING B PROSA**Belangrike instruksies vir die prosavraag:**

- Twee vrae word oor elk van die twee voorgeskrewe romans gestel waarvan jy **slegs EEN** vraag oor die roman wat by jou skool voorgeskryf is, moet beantwoord; óf Vraag 2 óf Vraag 3 (oor *Die verevrou* – Jan van Tonder); óf Vraag 4 óf Vraag 5 (oor *Die dag van die Lord* – Johan Kruger).
- Jou respons moet in die vorm van 'n literêre opstel wees.
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Die vraag is telkens beredenerend wat beteken dat jy meer as een kant en/of net een kant van die saak kan dryf.
- Jou inleiding moet reeds duidelik aantoon wat die invalshoek(e) van jou opstel is.
- Ondersteun jou stellings deurgaans met verwysings na en/of aanhalings uit die roman.
- In jou gevolgtrekking moet jy terugverwys na jou hoofargument en telkens die verwagte inhoud, soos aangedui by elke vraag, aanspreek.
- Bring die woordtal (ongeveer **600 woorde**) onder jou literêre opstel aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou literêre opstel gebruik word.

VRAAG 2 DIE VEREVROU (Jan van Tonder)**STELLING:**

'n **Protagonis** is 'n karakter in 'n verhaal, drama of storie van wie verskillende fasette uitgebeeld word. Die hoofkarakter verras gewoonlik die leser op oortuigende wyses, en weens die karakter se kompleksiteit en deurlopende ontwikkeling word daar na só 'n karakter as 'n ronde karakter verwys.

Die protagonis (hoofkarakter) is die held/heldin waaroor die verhaal gaan. Die storie handel oor iets belangriks wat in sy/haar lewe gebeur. Dit moet 'n driedimensionele karakter wees.

Die **antagonis** is die teenstander van die protagonis. Dit is die karakter wat die hoofkarakter se doelwitte of planne probeer saboteer of teenwerk.

[Bron: <afwikipedia.org> en <https://annerlebarnard.co.za>]

OPDRAG:

In die roman *Die verevrou* deur Jan van Tonder, is die hoofkarakter, Liora, die protagonis. Die antagonis is nie 'n spesifieke karakter nie, maar eerder **uitdagings en struikelblokke** wat Liora in haar lewe teëkom. Beredeneer die eersgenoemde stelling. Dui ook aan hoe die uitdagings en struikelblokke wat Liora in haar lewe teëkom, bydra tot haar groei en ontwikkeling as **protagonis** in die roman.

In jou **gevolgtrekking** moet jy aandui of daar na Liora as 'n **driedimensionele** karakter verwys kan word.

[35]

OF

VRAAG 3**DIE VEREVROU** (Jan van Tonder)**STELLING:**

In "*Die verevrou*" deur Jan van Tonder, is die einde van die verhaal 'n kragtige oomblik waar die leser met 'n ligte, 'n swaar of onaangeraakte gevoel gelaat word.

[Bron: <<https://www.litnet.co.za>>]**OPDRAG:**

Bespreek die bogenoemde stelling en verwys na jou roman, *Die verevrou* deur Jan van Tonder. Verwys na Liora wat **afskeid van haar droom neem, die verlies van mense** vir wie sy lief is, maar ook die feit dat sy die moed gehad het om haar **eie pad te kies en haar verlede agter te laat**.

Verwys in jou gevolgtrekking met watter gevoel die slot van die verhaal jou as leser gelaat het.

[35]**OF****VRAAG 4** **DAG VAN DIE LORD** (Johan Kruger)**STELLING:**

Die effektiewe uitbeelding van karakters, soos die **protagonis en antagonist**, is 'n belangrike aspek van 'n **sukksesvolle literêre werk**. Dit dra by tot die diepte en kompleksiteit van die storie, en stel die leser in staat om 'n emosionele verbintenis met die karakters te vorm. Dit kan ook lei tot 'n meer meesleurende en gedenkwaardige leeservaring.

[Bron: <<https://af.wikipedia.org/wiki/Hoofkarakter>>]**OPDRAG:**

Bespreek Andries se rol as **hoofkarakter** en hoe die rol van Andries as **protagonis** en die ander karakters as **antagoniste** bygedra het tot 'n spannende intrige wat van *Die dag van die Lord* 'n suksesvolle roman gemaak het, al dan nie. Verwys na:

- **Gebeure** wat die protagonis se lewe beïnvloed het.
- Die rol van "Andries Fourie" se **oorlogsdokumente** (dus briewe, geskrifte, persberigte en boeke) wat nie-fiksie is.
- Hoe **ten minste twee ander karakters** tot die kompleksiteit van die verhaal bygedra het.

Verwys in jou gevolgtrekking na die suksesvolheid, al dan nie, van die slot van die roman.

[35]**OF**

VRAAG 5**DAG VAN DIE LORD** (Johan Kruger)

In die metaalkas was toe nie 'n bom nie. Dit was bloot Dequesne se manier om hom, Andries, in te bind, sy stilswe te verseker. En só meer as 'n kwarteeu van sy lewe te steel.

Die gróót onreg is onvergeldbaar, dit weet hy nou. Dis ingeskepe in die ondermaanse.

"Piet Naciud (AF)", onderteken hy die brief.

"Laat ons die brief gaan aflewer, Andrew", sê Jenny in die deur.

"Ek is byna gereed, dan loop ons."

(bl. 294 en bl. 295)

[Bron: Kruger Johan, *Dag van die Lord*, (2015)]

STELLING:

Die **slot** van 'n roman kan 'n diepgaande invloed op die leser hê. Byvoorbeeld, 'n gelukkige einde kan 'n gevoel van tevredenheid of optimisme skep, terwyl 'n hartseer of oop einde die leser kan laat nadink om 'n dieper begrip van die teks te ontwikkel en om hul eie interpretasies en analyses te vorm. Dit kan ook bydra tot 'n ryker en meer betekenisvolle leeservaring.

[Bron: litnet.co.za]

OPDRAG:

Beredeneer in 'n literêre opstel of **die slot** van die roman *Die dag van die Lord* tog 'n diepgaande invloed op jou as leser gehad het.

- Gebruik die **komplekse intrige** van die teks en verwys na die **die verband** tussen die **intrige en die slot**.
- Evalueer in jou gevolgtrekking of die verhaaleinde as 'n suksesvolle literêre teks tot sy reg gekom het.

[35]

[Omkring jou vraagkeuse.]

Beplanning vir Vraag 2 / 3 / 4 / 5

[illegible]

Downloaded from eduresourceza.com

eduresourceza.com

[illegible]

AFDELING C FILMSTUDIE**Belangrike instruksies vir die filmvraag:**

- Hierdie mini-opstel is verpligtend.
- 'n Mini-opstel vereis 'n betogende styl.
- Hoewel dit nie bepunt sal word nie, is deeglike beplanning uiters belangrik.
- Jou inleiding moet duidelik aantoon of jy met die stelling saamstem of nie en dit moet ook in jou hoofstandpunt verwoord word. Dui ook jou gekose film duidelik en korrek aan.
- Ondersteun jou argumente deurgaans met verwysings na en/of voorbeelde uit die film.
- Jou gevolgtrekking moet terugverwys na jou hoofstandpunt en 'n duidelike slotsom gee.
- Bring die woordtal (ongeveer **450 woorde**) onder jou mini-opstel aan.
- 'n Nasienmatriks sal vir die assessering van jou mini-opstel gebruik word.

VRAAG 6 FILM VAN EIE KEUSE**Verpligte vraag****STELLING:**

Filmdialoog speel 'n kritieke rol in die skepping van 'n effektiewe filmervaring.

Donnalee Roberts beskryf filmdialoog só: "Dis belangrik om die karakter se manier van praat en uniekheid te beskryf sodat dit nie klink of (al die) karakters uit een mond praat nie."

[Bron: <<https://www.lapa.co.za/druk-speel-eboek-leon-van-nierop>>]

OPDRAG:

Betoog in 'n mini-opstel (450 woorde) of die karakters se **dialoog**, in die film wat jy analiseer het, bydra het tot die karakters se unieke rol in die film.

Kies enige **DRIE karakters** in jou film.

In jou inleiding moet jy die film wat bespreek word, aandui, asook 'n duidelike standpunt inneem. Verwys na al **DRIE** jou karakters.

As deel van jou betoog kan jy **enige een** van die volgende hoofpunte by elk van jou **drie karakters** ontwikkel:

- dialoog: beïnvloed die karakterontwikkeling
- dialoog: beïnvloed die storielyn
- dialoog: beïnvloed die tempo, ritme en toonverandering
- dialoog: beïnvloed die kykers se reaksie (emosie)

Bied ook oortuigende bewyse uit die film aan.

In jou gevolgtrekking moet jy aantoon dat elke karakter se manier van praat sy/haar uniekheid beskryf, of nie.

[30]

Downloaded from eduresourceza.com

[illegible]

BLAAI ASSEBLIEF OM

ADDISIONELE SPASIE (ALLE VRAE)

ONTHOU OM DUIDELIK BY DIE VRAAG AAN TE DUI DAT JY DIE BYKOMENDE SPASIE GEBRUIK HET OM TE VERSEKER ALLE ANTWOORDE WORD NAGESIEN.

This image shows a blank sheet of white paper with horizontal ruling lines. The lines are evenly spaced and run across the width of the page. A diagonal watermark, which reads "eduresourceza.com", is visible across the center of the page. The watermark is light gray and semi-transparent. There are no margins or other markings on the paper.

eduresourceza.com

[illegible]